Toyota 4x4 Eienaars Klub/Owners Club
Posbus / PO BOX 93888
Boordfontein
0201

Weergawe: 2

05 Januarie 2021

Klub Reëls en Regulasies

1. Geen persone sonder 'n geldige bestuurslisensie mag tydens klub funksies voertuig bestuur nie.
2. Luister na die komitee lid in beheer en let op as 'n beampte jou oor 'n moeilike hindernis ly.
3. 'n Lid is self verantwoordelik vir sy gaste en nie die komitee lede nie.
4. Geen alkohol toegelaat voor of tydens die roete nie - Bestuurder en passasiers.
5. Tweerigting radios moet gelisensieërd wees.
6. Hou by tweerigting radio spraak prosedures en moet nooit vuil taal gebruik nie, onthou ons deel die frekwensie met ander.
7. Hou by heersende pad reëls en respekteer ander pad gebruikers.
8. Bly op bestaande paaie en moenie nuwe paaie maak in die natuur nie.
9. Moet nie vuilgoed in die veld weggooi nie, neem dit saam om later in die regte plek te stort.
10. Gedurende 'n klub funksie mag geen persoon, klein of groot:
    - op 'n dakrak ry nie,
    - op die sytrappies ry nie.
    - op die voertuig se agterflap sit nie.
    - op die bak rante sit nie, maar moet binne in die bak sit.
    - voor op die bosbreker ry nie.
11. Slegs 4x4 voertuie word op klub byeenkomste/roetes toegelaat, geen motorfietse, drie- of vierwiel motorfietse of knortjorre word toegelaat nie.
12. "Recovery"/Herwinnings punte voor en agter op voertuig is noodsaaklik en elke voertuig moet in besit wees van sy eie herwinnings toerusting.
13. Elke voertuig moet 'n brandblusser hê.
14. Alle deelnemers neem deel op eie risiko en moet 'n vrywaringsvorm, by elke klub byeenkomste/uitstappie, geteken word.